

Kinders by die Nagmaalstafel

In ons gemeente word kinders toegelaat om Nagmaal te gebruik, soos deur die sinode besluit. Ons glo dat dit in lyn is met die Bybelse prentjie waar die Nagmaal gevier is as deel van die vroeë gemeentes se gesamentlike etes. Ons glo dat die Nagmaal 'n gemeenskapsmaal is waarvan alle lidmate, ook dooplidmate, deel is.

Die Kerkraad het die volgende dinge besluit oor die Nagmaalpraktyk in ons gemeente:

- Dit is die ouer(s) se verantwoordelikheid, vanuit julle doopbeloftes, om toe te sien dat jou/julle kind(ers) gereed is om die Nagmaal te gebruik. Daarom moet julle van kleins af gereed met julle kinders praat oor hulle geloof en om hulle gereed te maak om Nagmaal te kan gebruik.
- Indien 'n kind begeer om Nagmaal te gebruik, maar die ouers is om een ander rede, soos byv deur kerkvervreemding, werksomstandighede of egskeiding afwesig, moet 'n leraar die gesprek met die kind voer. Die kind se kategeet kan hom of haar hiermee bystaan.
- Kinders wat nog nie belydenis van geloof afgelê het nie, moet die Nagmaal onder toesig van hulle ouers gebruik. Dit is nog steeds noodsaaklik om belydenis van geloof af lê, anders kan 'n jongmens nie op sy eie en selfstandig die Nagmaal gebruik nie. Met belydenisaflegging neem die jongmens die geestelike verantwoordelikheid vir sy/haar eie lewe van sy/haar ouers oor.

Die 4 vereistes waaraan 'n kind moet voldoen om Nagmaal te kan gebruik, is die volgende:

- Die kind moet gedoop wees. Dit is die manier waarop God sy verbond met die kind sluit en bevestig, en waardeur hy/sy lidmaat van die kerk word.
- Die kind moet in Jesus glo.
Om die Nagmaal te kan gebruik moet 'n mens glo dat Jesus jou Verlosser is wat vir jou aan die kruis met sy lewe betaal het. Hy maak ons saak met God reg.
- Die kind moet voldoen aan die vereistes van 1 Korintiërs 11.
In 1 Korintiërs 11 is dit duidelik dat 'n mens moet weet dat die Nagmaal die maaltyd van die Here is, wat die tekens beteken en dat die Nagmaal ons bind aan God en aan mekaar.
- Die kind moet begeer om Nagmaal te gebruik.
Die ouers moenie die kind dwing of druk op hom plaas om Nagmaal te gebruik nie.

Dit is die taak van die ouer(s) om julle kinders voor te berei om die Nagmaal te kan gebruik. Julle is immers die mense wat met julle kind se doop voor God 'n belofte afgelê het om hulle te vertel van die verbond wat God met hulle het, en ook dat julle julle kinders sal oproep om Jesus as Here aan te neem. Verder moet julle kind in julle voorbeeld kan sien dat julle die Here liefhet en Hom dien.

In die gesprekke wat julle met julle kinders voer om hulle voor te berei om die Nagmaal te gebruik, moet die volgende sake aandag kry:

Maak seker dat jou/julle kind verstaan wat beteken die kruisdood van Jesus.

Die kind moet verstaan dat ons almal sondig is en dat God nie van sonde hou nie en sonde straf. Maar ... omdat God ons liefhet, het Hy vir Jesus gestuur om in ons plek gestraf te word. God vergewe ons sonde ter wille van Jesus.

Maak seker dat jou kind in Jesus glo.

Geloof is 'n vereiste om Nagmaal te kan gebruik. Jou kind moet Jesus ken as die Een wat ons saak met God regmaak, hy/sy moet weet: "Jesus het aan die kruis vir my sonde betaal." Geloof is nie iets ingewikkeld nie. Met jou doop het God gesê dat Hy jou as sy kind merk, geloof beteken om te sê: "Ja, Here, ek is U kind."

Met die nagmaal sê ons dat ons glo: wanneer jy jou hand uitsteek om die brood en wyn te vat en dit eet en drink, dan vat jy die geskenk wat God vir ons aanbied. Hy gee Jesus vir jou en jy sê dat jy Hom aanneem.

Maak seker dat jou kind verstaan wat beteken die tekens van die Nagmaal.

Die Nagmaal is nie maar net 'n gewone byeenkoms nie, dit is die maaltyd van die Here. Die brood vertel dat Jesus sy liggaam vir ons gegee het en die wyn / sap vertel van sy bloed wat vir ons gevloei het. Hierdie twee dinge sê vir ons dat Jesus in ons plek doodgemaak is.

Maak seker jou kind verstaan dat die Nagmaal ons aan God self verbind en ook aan die medegelowiges.

'n Baie belangrike punt vir die regte gebruik van die Nagmaal is dat dit 'n gemeenskapsmaal is. Die Nagmaal bind ons aan Jesus en ook aan mekaar. In die vroeë kerk is een brood gebreek en onder almal uitgedeel om uit te beeld dat almal deel het aan mekaar.

Die heel belangrikste: maak seker jou kind verstaan van God se liefde en genade.

Dit is 'n gevaar dat ons so met die formele dinge rondom die Nagmaal besig kan wees, dat ons vergeet om iets te deel van God se hart. Die Nagmaal vertel ons van God wat ons so liefhet dat Hy selfs bereid was om sy eie Kind te laat doodmaak sodat ons sonde vergewe kan word. God gee Jesus vir ons omdat Hy ons liefhet en so graag wil hê ons moet sy kinders wees.

Vra of jou kind die Nagmaal wil gebruik, daar moenie druk of dwang wees nie.

Hierdie gesprek met jou kind(ers) is beslis nie iets wat mens net eenmaal voer en dan is die saak daarmee afgehandel nie. Hou aan om voor elke Nagmaal met jou kind(ers) te praat oor die betekenis van die Nagmaal. Soos wat 'n kind grootword, neem sy/haar insig in die betekenis van die Nagmaal en die basiese geloofswaarhede toe, en dit is jou/julle werk om voort te gaan om hierdie waarhede te bevestig en in te skerp.